Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-10-25

Liewe Ouers

BEKENDSTELLINGSDAG vir 2025 KLEIN LOCHIELAND LEERDERS en OUERS

Ons jaarlikse bekendstellingsdag vind plaas op Saterdag 9 November. Ons huidige graad RR-kleuters en ons nuut ingeskrewe graad RR en R-kleuters kom ontmoet hul nuwe juffrou by die skool in hul nuwe klassies. Ouers is albei welkom, maar verkieslik nie boeties en sussies nie, asb. Hierdie is hulle spesiale dag om hul juffrou te ontmoet!

Ons huidige graad R-kleuters het hul bekendstellingsdag op Saterdag 16 November by die Laerskool waar hulle hul nuwe graad 1 onderwyseresse gaan ontmoet. Meer inligting volg later.

BEDANKINGS

- Ons wil graag die ouers en personeel bedank wat hul tyd afgestaan het om die huisie op die fietsiebaan te verf. 'n Spesiale dank aan Luan Serfontein wat die tekenwerk en omlyning gedoen het en aan Lize-Mari Nortier, Juffrouens Annemarie, Vernanda en Michelle vir die verfwerk. Dit lyk regtig pragtig en vrolik.
- 'n Spesiale dankie ook aan Juffrou Cara en haar helper vir die opknapping van die beddings op die terrein.
- Ons is baie opgewonde oor die ingang van ons skool wat nou so mooi, kleurvol en netjies is. Ons wil graag die volgende mense bedank vir hulle bydrae om dit moontlik te kon maak:
  -***Lize-Mari Nortier*** wat hierdie hele projek gedryf en bestuur het
  -***Carbo III*** - Pieter Nortier (finansiële bydrae tot die muur en gras)
  -***MGB Financial Services*** - Nico Ackhurst (finansiële bydrae tot die muur en gras)
  -***Prominent Paints*** - Stefan du Toit (verf vir mure en huisies)
  -***WP Roofing*** - Richard Davy (finansiële bydrae tot gras en die seël van die motorhuisdak)
  -***Strand Signs*** - Susan Weiss (borgskap van die pragtige bord)
  -***Henri du Toit en Chris Serton*** vir finansiële bydrae tot gras.

GRAAD R-INLIGTING:

OORSLAAPAAND (slegs vir Graad R)

Ons herinner ouers aan die **R200-00** per kleuter wat asb. voor Vrydag 22 November betaal moet word. Plaas die korrekte bedrag in 'n koevert met "oorslaapaand" en u kleuter se naam voor-op, asb.

Ons tema vir volgende week is: **VOËLS**

Ons persepsies is:
Getal: **0 en nul**
Vorms: **Sirkel, driehoek, vierkant, reghoek, hart, ovaal en ruit**

Assessering:
Veters vasmaak
Tel terug van 10 tot 0
Teken bg vorms
Ouditiewe sintese: Plaas klanke bymekaar om 'n woord te vorm, bv. b-a-l vir bal

Maandag 28 Oktober: Ons leer van die verskillende voëlnessies
Gr. R-kleuters gaan vir hul eerste saalbyeenkoms saam met die Grondslagfase

Dinsdag 29 Oktober: Ons versier 'n voëltjie

Woensdag 30 Oktober: Ons maak 'n flamink

Donderdag 31 Oktober: Teken vorms

Vrydag 1 November: Samesang by die skool
Skoolhempies en lekkertjiedag

GRAAD RR-INLIGTING:

AFSLUITINGSFUNKSIE: WOENSDAG 6 NOVEMBER
Baie dankie vir die gelde wat ons reeds ontvang het. Kostes beloop R180-00 per kleuter. Stuur asb. die korrekte bedrag in 'n toegeplakte koevert skool toe voor of op Vrydag 1 November.

Reëlings vir die aand:
Kleuters word om 18:30 by die saalhek van die Laerskool in Rungestraat, afgelaai. Stap by die sydeur langs die saal in en neem die kleuters dan na die onderskeie klasse:

- Bytjieklas: Juffrou Bea
- Skoenlapperklas: Juffrou Elizka
- Besieklas: Juffrou Shané
- Miertjieklas: Juffrou Leandi
- Naaldekokerklas: Juffrou Shanon

GEEN kinders word in die saal toegelaat tydens die verrigtinge nie. Sommige kleuters praat moeilik as hul aandag afgelei word deur ander jonger kinders. Hierdie is ons kleuters se spesiale aand! Kleuters kan na afloop van die verrigtinge weer in die onderskeie klaskamers afgehaal word en ouers beweeg dan weer in die gang af na buite. Daar sal goeie toesig by die klaskamers wees.

GRADEPLEGTIGHEIDSFOTO'S: WOENSDAG 30 OKTOBER
Sunel Jordaan Fotografie gaan op Woensdag 30 Oktober ons Gradeplegtigheidsfoto's kom neem. Kleuters kan op daardie dag hul skoolhempies aantrek. Kostes is ingesluit by die afsluitingsfunksie se gelde.

Ons tema vir volgende week is: **SPORT en SPELETJIES**

Ons persepsies is:
Getal: **5**
Klank: **r-klankie**

Maandag	28 Oktober:	Ons kleur ‘n trofee in
Dinsdag	29 Oktober:	Ons teken ‘n branderplankryer
Woensdag	30 Oktober:	***Gradeplegtigheidsfoto’s word geneem***
Donderdag	31 Oktober:	Ons maak ‘n medalje
Vrydag	1 November:	Pretdag: Ons speel verskillende speletjies ***Skoolhempies en lekkertjiedag***

Geniet die naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel